**3 SEPTEMBER** **SKRIFGEDEELTE: 2 TIMOTEUS 1:3-18**
**FOKUSGEDEELTE: 2 TIMOTEUS 1:3**

## Hoe lyk ons dankbaarheidslewe?

God se genade aan ons is groot! Ons lees hier baie dinge raak waarin God genade aan ons betoon het en waaroor ons teenoor God dankbaar kan wees. In die fokusvers dank Paulus God, terwyl hy in die tronk in boeie sit. Hy dank God, wanneer hy onophoudelik dag en nag in sy gebede aan Timoteus dink. Timoteus lewe in ‘n tyd waar dit moeilik gaan om die evangelie te verkondig: Christene word vervolg en in die tronk gegooi en juis dit maak dit moeilik om te volhard in die geloof. In hierdie gedeelte herinner Paulus ook weer opreg vir Timoteus aan al die genade wat God aan hom bewys het. Selfs in die moeilikste omstandighede sal God jou nie in die steek laat nie. Daarom kan jy, al is jy in die tronk, God steeds dank vir sy genade.

Die grootste genade wat Hy aan ons bewys het, is deur sy Seun, Jesus Christus, vir ons te stuur om aan die kruis vir ons sondes te sterf.

Ons voel baie keer wanhopig en ons is geneig om te kla oor dit wat in ons land en in ons lewe aangaan. Ons kan juis hier God se genade sien. Al sit Paulus in die tronk, dank hy God. Hy kyk verby al die swaarkry en dank God. Inteendeel, hy dank God ook vir die voorreg wat hy het om vir die evangelie te ly.

Ons moet verby al die swaarkry en wanhoop in ons lewens kyk en ons oë op Jesus Christus gevestig hou. Ons moet God dank vir al die genade wat Hy elke dag aan ons bewys en so ook in dankbaarheid ‘n gehoorsame lewe leef.

*Sing: Psalm 33:1, 3* *Wilhan Jobse (Teologiese student)*